

Die ontwikkeling van Boesmanland gedurende die negentiende eeu

Maritz Broodryk

Instituut vir Eietydse Geskiedenis
Universiteit van die Oranje-Vrystaat

OM DIE GEOGRAFIESE LIGGING van Boesmanland presies te omskryf, is uiters moeilik. Volgens die meeste landkaarte is dit 'n omvattende gebied wat besuide die Oranjerivier en oos van Namakwaland tot ongeveer so ver wes as die hoofpad tussen Calvinia en Kenhardt strek. P.J. van der Merwe wys op die vaagheid van die omskrywing van die gebied — dit laat hom selfs aan 'n lugspieëling dink, omdat verskillende individue verskillende persepsies van die ligging van Boesmanland het.¹ SESA omskryf dit as die gebied benoorde Calvinia, oos van Namakwaland, besuide die Oranjerivier en wes van die Sak- en Hartbeestrivier, maar gee toe dat 'it is still ill defined nowadays'.²

Oor die noordgrens van Boesmanland bestaan geen twyfel nie. Die probleem is die ander grense. Vir die inwoners van die gebied is die wes- en suidgrens die denkbeeldige lyn wat die winter- en somerreënvalgebiede van mekaar skei — waar dit ook al mag wees, want dit is ook maar relatief. Vir sommiges is die oosgrens van die gebied die Sakrivier, wat later die Hartbeestrivier word. Baie beskou egter die gebied oos van die riviere ook as deel van Boesmanland. Histories is dit korrek. Geografies en klimatologies is daar ook geen verskil tussen die gebiede oos en wes van die rivier nie.³ 'n Moderne navorser, Martin Legassick, se omskrywing van Boesmanland as 'die droë vlakke oos van Klein-Namakwaland en suid van die benedeloop van die Oranjerivier'⁴ is ewe vaag.

Letterlik gesproke was Boesmanland die 'land van die Boesmans', daardie bevolkingsgroep wat vandag die San genoem word. Die probleem is dat Boesmanland in die eerste plek nie 'n gebied was of is waarvan die grens presies afgebaken en omskryf is nie; tweedens is dit deur die jare heen stelselmatig verklein namate dit deur ander

mense beset en die San teruggedryf is. Om Boesmanland in sy historiese konteks te plaas, word vervolgens na die noordwaartse uitbreiding van die Kaapkolonie gekyk.

NOORDWAARTSE UITBREIDING VAN DIE KOLONIE

Dit is goed bekend dat daar reeds voor die einde van die sewentiende eeu aan die buitewyke van die Kaapkolonie


LW: Alle argivale verwysings berus op bronne in die Kaapse Argiefbewaarpark, Kaapstad.

¹ P.J. van der Merwe, *Pioniers van die Dorsland* (Kaapstad, 1945), pp. 23-24.

² SESA, 2 (Kaapstad, 1970), p. 612.

³ Van der Merwe, *Pioniers van die Dorsland*, pp. 25-27.

⁴ M. Legassick, 'Die Noordgrens tot 1820' in H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820* (Kaapstad, 1983), p. 261, voetnoot.



'n halfnomadiese bevolkingselement van blanke en Baserafkoms ontstaan het — die veeboer-trekboer-pionier. Hul ontstaan en die verloop van hul uitbreiding is reeds gesaghebbend uiteengesit.⁵

Teen die helfte van die agtiende eeu het die trekboere reeds die Hantam, Onder-Bokkeveld en Nuweveld beset.⁶ Hier, op die rand van die somerreënvalgebied, het die uitbreiding in die negentiende eeu vasgesteek vanweë die onverbiddelike dorsland verder noord en veral die weerstand wat die nuwe intrekkers van die toentertydse inwoners van die gebied, die San, ondervind het. Verskeie dekades lank het 'n bloedige stryd met groot bitterheid oor 'n ekstensiewe gebied vanaf die Roggeveldberge in die weste tot oos van die Sneeuberge tussen die veeboere en die San plaasgevind.

'n Beeld van hierdie stryd kan gevorm word deur die studie van die argiefstukke van die betrokke landdroste en gepubliseerde dokumentebundels.⁷ 'n Deel van die probleem was dat die VOC nooit 'n noordgrens vir die Kaapse nedersetting vasgestel het nie. Sover as wat leningsplase uitgegee is, het die VOC die land as Kompanjieseiendom beskou en beheer daarvoor aanvaar. Jare lank is die Sakrivier nie-amptelik as die skeidslyn tussen die kolonie en Boesmanland beskou.

Die Nederlandse bewindhebbers aan die Kaap het min simpatie met die lot van die San gehad, want in 1777 het die Politieke Raad 'n beleid van verdelging gesanksioneer.⁸ Die Britse gesagsvoerders wat die Kaap na die oorname in 1795 geregeer het, het 'n ander benadering teenoor die San gevolg en wou hulle beskerm. Om aan hulle 'n woonplek te gun, is in Julie 1798 vir die eerste keer 'n noordgrens vir die kolonie afgebaken. Dieselfde proklamasie het die koloniste verbied om hulle benoorde die grenslyn te vestig, vee daar te laat wei, daar te jag of selfs net deur die gebied te reis.⁹ Vir die eerste keer is amptelik 'n gebied aan die Boesmans toegeken — 'n Boesmanland!

Die probleem met hierdie grenslyn, benewens die vae en onpraktiese omskrywing daarvan, was dat die voorste trekboere reeds benoorde die nuutafgebakende grens (die noordelike dele van die Roggeveld en die Nuweveld) gewoon het.¹⁰ Die onvermydelike gevolg was dat die grens op die duur nie gehandhaaf kon word nie. Hoewel die Bataafse owerheid aan die Kaap ook die San wou beskerm en gekant was teen gebiedsuitbreiding, is hy gedwing om die grens te verstel. Om die veeboere wat reeds buite die grens was weer onder beheer te bring, het genl. J.W. Janssens op 20 Februarie 1805 die grenslyn noordwaarts verskuif. In die ooste het die Sakrivier die grenslyn geword; in die weste die Buffelsrivier en 'n denkbeeldige lyn vanaf die Koperberg tot by die samevloeiing van die Sak- en Rietrivier.¹¹

Niks is egter gedoen om die grenslyn beter te omskryf nie en die noordwaartse uitbreiding met die gepaardgaande konflik tussen veeboer en San het voortgeduur. Ten spyte van die Britse bewindhebbers se beleid van nie-uitbreiding en hul begeerte om die San teen verdringing te beskerm, is die owerheid voor 'n voldoende feit geplaas. Omdat niks gedoen is om die bestaande grens te handhaaf nie, is die kolonie op spontane wyse uitgebrei deur veeboere wat bloot die grens oorgesteek en hulle in Boesmanland gaan vestig het.¹² Die Britse regering moes maar volg. Op 9 September 1824 is 'n gewysigde noordgrens vir die kolonie geproklameer. In die verre weste is die grens nie verander nie, maar benoorde die Sakrivier is dit uitgebrei na die Karee- en Pramberge.¹³ Die enigste gebied besuide die Oranjerivier wat nog nie deel van die kolo-

nie was nie, was die gedeelte van Klein-Namakwaland benoorde die Buffelsrivier en Boesmanland benoorde die Kareeberg.

Bykans onmiddellik na die vasstelling van die 1824-grens het versoeke vir die verdere uitbreiding van die koloniale grondgebied die regering bereik en hierdie versoeke is met gereelde tussenposes herhaal. Goeie motivering vir so 'n stap is aangevoer, maar verskeie faktore het uitbreiding teengewerk.¹⁴ Die owerheid was uiters teensinnig en het die druk bykans 'n kwarteeu lank weerstaan. Die bevolkingsgroei in die kolonie en die skaarste aan onbesette grond het verdere gebiedsuitbreiding egter onafwendbaar gemaak. Toe die regering nie grond buite die grens wou toeken nie, het veeboere in die sentrale en oostelike dele op eie houtjie oor die grens getrek en in groepe langs die Hartbeestrivier en selfs tot aan die Oranjerivier gaan woon.¹⁵

Gedurende die veertigerjare het die regering verskeie memories van inwoners van die grensgebied ontvang waarin aangedring is op die verskuiwing van die noordgrens.¹⁶ Goewerneur George Napier wat die inboorlinge wou beskerm, het egter onwrikbaar gebly. Die ontdekking van ryk koperneerslae in Klein-Namakwaland benoorde die koloniale grenslyn het 'n deurslaggewende rol gespeel om die regering van standpunt te verander. Die saak is opnuut ondersoek en verskeie regeringsbeamptes het die uitbreiding van die kolonie geesdriftig aanbeveel en die voordele van die stap, veral vir die inboorlinge, beklemtoon.¹⁷ Daarop het goewerneur Harry Smith tot die daad oorgegaan en, ten spyte van die teenkating van die imperiale regering, op 17 Desember 1847 by wyse van proklamasie die noordgrens van die Kaapkolonie uitgebrei tot aan die suidelike

⁵ L. Fouché, *Die evolusie van die trekboer* (Pretoria, 1909); L. Guelke, 'The early European settlement in South Africa' (D.Phil., Universiteit van Toronto, 1974); P.J. van der Merwe, *Die noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek 1770-1842* (Den Haag, 1937); *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842* (Kaapstad, 1938); *Trek: Studies oor die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap* (Kaapstad, 1945).

⁶ C.G. Botha, 'The dispersion of the stock farmer in the Cape Colony in the eighteenth century', *South African Journal of Science* 20, 1923, p. 579; Van der Merwe, *Die noordwaartse beweging* ..., p. 3.

⁷ D. Moodie (red.), *The Record or a series of official papers relative to the condition and treatment of native tribes in South Africa* (Amsterdam, 1960); G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony* (Londen, 1900-5).

⁸ Guelke, 'Early European settlement', pp. 255-256; P.E. Roux, *Die verdedigingsstelsel aan die Kaap onder die Hollands-Oosindiese Kompanjie 1652-1795* (geen plek, geen jaartal), p. 177.

⁹ G.M. Theal, *Records* ..., XXXI (Proclamation by Earl of Macartney, 14.7.1898), p. 452.

¹⁰ Van der Merwe, *Die noordwaartse beweging* ..., pp. 101-102; J.M. Smalberger, *Aspects of the history of copper mining in Namaqualand 1846-1931* (Kaapstad, 1975), p. 31, voetnoot 24.

¹¹ British Parliamentary Papers (BPP) 969, July 1848, no. 6, enclosure: Extract of a Proclamation, 20.2.1805, p. 23.

¹² Van der Merwe, *Die noordwaartse beweging* ..., pp. 116-117, 141 en 153-154.

¹³ *Ibid.*, p. 133; G.M. Theal, *History of South Africa*, 5 (Kaapstad, 1964), p. 393-394.

¹⁴ Kyk in hierdie verband M. Broodryk, 'Die Kaapse Noordgrensoorloë, 1868-1879' (D.Phil., US, 1987), pp. 10-11; *De Zuid-Afrikaan*, 27.9.1833.

¹⁵ Van der Merwe, *Die noordwaartse beweging* ..., pp. 214 en 247, en *Trek* ..., pp. 188-189 en 252.

¹⁶ CO4016, no. 126: Inhabitants of Kamies Berg and Namaqualand/Ten farmers from Kamies Berg — G.T. Napier, ontvang 29.9.1843.

¹⁷ CO4368: Minutes of a Meeting of the Executive Council, 7.7.1846; H. van Ryneveld — Secretary to Government, 27.4.1846; F. Kotze — Civil Commissioner, Clanwilliam, 13.3.1846; J. Kotze — Civil Commissioner, Clanwilliam, 24.3.1846.

oewer van die Oranjerivier.¹⁸ Deur hierdie stap is die kolonie met ongeveer 128 000 vk km vergroot.

BOESMANLAND WORD ACHTERVELD

Sodoende het die San se woonplek deel van die Kaapkolonie geword. Voortaan sou Boesmanland slegs as 'n geografiese konsep bly voortbestaan. Die nuwe aanwys van die Britse kroon was 'n strook grondgebied van 480 km x 240 km en het gestrek van die weskus af ooswaarts en van die Oranjerivier af suidwaarts. Mettertyd sou dit in amptelike kringe as die noordgrensdistrik (Northern Border) en onder die boere van die bewoonde gebiede as die Achterveld (of trekveld) bekend word.

Die anneksasie van 1847 het die posisie van die trekboere wat reeds benoorde die ou grenslyn gewoon het gewettig en juridies die pad oopgemaak vir ander wat die gebied wou binnetrek. Van verdere praktiese waarde was dit aanvanklik nie, want die regering het niks gedoen om dit te administreer of wet en orde toe te pas nie. Die grense van die bestaande distrikte Clanwilliam, Worcester en Beaufort-Wes is bloot tot aan die Oranjerivier uitgebrei.

Vanweë die klimaat- en bodemgesteldheid van die gebied, die gevaar van inboorlinge en die feit dat die owerheid dit nie effektief beheer het nie, het dit na die anneksasie daarvan aanvanklik min permanente inwoners bygekry en tot die sestigerjare van die negentiende eeu baie dun bevolk gebly.¹⁹ Soos voorheen is die grootste gedeelte van die gebied slegs gedurende sekere tye van die jaar bewoon deur nomadiese veeboere (blankes en Basters) uit die meer gevestigde dele. Gewoonlik het hulle net nadat die somerreëns geval het met hulle veetroppe na die gebied getrek en die weiding rondom die vleie, fonteine, kolke en putte beset. Vir dié doel het hulle groot stukke onopgemete weiding tussen 12 200 en 60 700 ha groot van die regering gehuur vir tydperke wat gewissel het van een tot drie jaar. Groot gedeeltes is nie verpag (verhuur) nie en veeboere het hul vee onwettig op dié dele laat wei. Sodra die water op was en die weiding uitgeput, het die meeste pagters hul pagplase verlaat en suidwaarts teruggetrek.²⁰

Die nadele van hierdie stelsel is voor die hand liggend. Omdat eiendomsreg nie verkry kon word nie, is geen huise, skure of krale gebou en geen putte gegrawe nie.²¹ So het die pagstelsel die ontwikkeling van Boesmanland vertraag. Tog was dit baie gewild by die veeboere. Daarom het hulle enige poging teengestaan deur die owerheid om Boesmanland digter en meer permanent te bevolk. Hulle het beswaar gemaak teen planne om die Achterveld op te meet en aan private persone te verkoop op grond daarvan dat die gevestigde inwoners van die aangrensende gebiede dit nodig gehad het vir periodieke weiding. Die weerstand was so sterk dat die poging laat vaar moes word en vervang is met 'n stelsel waarvolgens lisensies vir weiding in hierdie gebied teen 'n nominale bedrag uitgeneem kon word.²²

Gedurende die sestigerjare het die Kaapse regering verskeie wette aangeneem om hierdie stelsel te verbeter met die oog op die bestending van die gebied. Hoe goed die maatreëls ook al bedoel was, het dit nie die gewenste uitwerking gehad nie, aangesien die pagters teen al die wette beswaar gemaak het²³ en dit effektief veronagting het. Teen die einde van die sestigerjare was sommige van die wette nog nie eers gepronkmeer nie.

Alhoewel die regering se pogings om die grensgebied digter te bevolk misluk het, wil dit tog voorkom asof die anneksasie van die gebied tot aan die Oranjerivier die

veeboere in die meer gevestigde dele groter vertroue gee het om noordwaarts te verskuif. Gedurende die periode na 1850 het daar oor 'n wye front 'n verskuiving van permanente inwoners na die gebied net suid van die Kareeberg voorgekom. Binne 'n dekade is erwe opgemaak en het 'n dorp, tans Carnarvon genoem, daar tot stand gekom.²⁴ Verder ooswaarts is 'n magistraat in 1855 in Victoria-Wes geplaas.²⁵ Dit was die eerste permanente vestigings in toentertydse Boesmanland, hoewel dit steeds besuide die 1824-grenslyn was.

Al hoe meer veeboere het inmiddels die Achterveld as seisoensweiding begin gebruik en Boesmanland al hoe dieper binnegedring. Hoewel hierdie beweging oor 'n wye front voorgekom het, het gebiede met die beste water voorrang gekry. Gedurende die tweede helfte van die vyftigerjare het die eerste veeboere die Prieska-omgewing besuide die Oranje aan die oostekant van die streek bereik.²⁶ Hantamboere uit die suide het tot noord van die Kareeberg getrek sowel as met die Sakrivier af. In uitsonderlike gevalle het hulle selfs die gebied langs die Hartbeestrivier tot by Kakamas aan die Oranjerivier ingedring.²⁷ Intussen het al hoe meer Basters vanuit die Amandelboom- (tans Williston) en Carnarvongebiede voor die intrekende blanke veeboere uit padgegee en in die vroeë sestigerjare saamgetrek by die sendingstasies Pella, net besuide die Oranjerivier in die weste, en De Tuin, sowat 50 km noordwes van die huidige Kenhardt.²⁸

Die uitbreiding van die koloniale noordgrens en die daaruit voortvloeiende trek van die veeboer na Boesmanland het die ondergang van die San onafwendbaar gemaak. Soos die veeboere in besit gekom het van die beste dele van Boesmanland, het die San hul jaggebiede verloor, is die wild verminder en kon hulle nie meer van die veld af leef nie. 'n Selfstandige bestaan op die wyse waaraan hulle gewoon was, het onmoontlik geword. Dat hulle bepaalde regte in die gebied gehad het, is seker en dit is deur die koloniale owerhede erken.²⁹ Hierdie sogenaamde regte het vir hulle min beteken. Vanweë die gebrek aan behoorlike gesag in die verafgeleë Boesmanland was daar vir hulle min indien enige beskerming van owerheidsweë. Die Kaapse regering het geen poging aangewend om vir hulle voorsiening te maak deur die skepping van reservate nie, waarskynlik omdat die vee-

¹⁸ BPP 969: Proclamation by H.G.W. Smith, 17.12.1847, p. 22.

¹⁹ *The Cape Standard*, 24.11.1868 (Redaksioneel).

²⁰ Cape Parliamentary Papers (CPP) G.20-1881, no. 13: J.H. Scott — Secretary for Native Affairs, 20.2.1881, p. 84; 1/SBK, 5/1/3: Report to the Memorial of the Divisional Council to Colonial Secretary, February 1865, pp. 191-193.

²¹ CPP G.20-1881, no. 13: J.H. Scott — Secretary for Native Affairs, 20.2.1881, p. 84; *The Cape Standard*, 22.2.1868.

²² A.611, vol. 2: T. Blake — R. Southey, 13.9.1868; CPP A.40-1868: Petition by P. Smidt and others, 17.12.1867, p. 1.

²³ CPP A.6-1868: Petition by H.N. van Rhyn and 75 others, March 1868, p. 1; HA78: Memorial from the Divisional Council and Inhabitants of Calvinia, 17.12.1867.

²⁴ M.C. Kittshoff, *Kudde van Carnarvon 1874-1974* (Carnarvon, geen jaartal), p. 28; D.A. Scholtz, *Fraserburg en sy kerk 1851-1976* (Fraserburg, 1976), p. 28.

²⁵ *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 12.6.1855.

²⁶ A.P. Smit, *Prieska se gister. Ned. Geref. Kerk en gemeenskap Prieska 1878-1978* (Prieska, 1978), pp. 5-6.

²⁷ Van der Merwe, *Trek ...*, pp. 5-6.

²⁸ Union Parliamentary Papers, U.G.41-1956 *The Baster communities*, p. 8.

²⁹ 1/FBG, 4/1/3/1, no. 1855: L. Adamson — Civil Commissioner, Fraserburg, 31.7.1860; EC8, no. 23: Minutes, 14.10.1867.

boere, wat die hele Achterveld as weiding wou gebruik, daarteen beswaar gemaak het.³⁰

Die San het dit moeilik gevind om hulle by die nuwe omstandighede aan te pas. Dit was vir hulle moeilik om te verstaan dat die gebiede waarin hulle jare lank saam met die wilde diere geswerf het skielik opgeëis kon word deur boere wat eerbied vir hul private regte afgedwing het.³¹ Gevolglik het hulle weerstand gebied en is die stryd tussen veeboer en San voortgesit, hoewel op 'n veel kleiner skaal as vantevore.

Op grond van getuienis wat Louis Anthing, die resident-magistraat van Namakwaland, bekom het oor grootskaalse moorde tydens kommando's teen die San, is hy na Boesmanland gestuur om ondersoek in te stel.³² Anthing het vroeg in 1862 'n basis in die hartjie van Boesmanland langs die Hartbeestrivier (waar die dorp Kenhardt sou ontstaan) ingerig. Sy skrywes aan die koloniale sekretaris vertel die verhaal van die laaste fase van die tragiese geskiedenis van die Kaapse San en skep 'n verskriklike beeld van die uitwissing van hierdie volke. Hy het verskeie aanbevelings gedoen om die San te beskerm.³³ Sy aanbevelings is egter geïgnoreer. Persone wat beskuldig is van misdade teen die San is nie vervolgt nie; San wat gearresteer is, is wel vervolgt.³⁴

So is die oorblywende San aan hulle lot oorgelaat met katastrofiese gevolge. Sommige het oor die Oranjerivier uitgewyk, ander het by die veeboere of die Koranas, hul eeouwe vyande, in diens getree.³⁵ Nog ander het na die mees afgeleë en bergagtige dele uitgewyk, van waar hulle die omliggende veeboere se lewe vergal het. Volgens skatting was daar teen 1860 slegs ongeveer 500 San in Boesmanland oor.³⁶

DIE EERSTE NOORDGRENSOORLOG, 1868-1869

Die uitbreiding van die koloniale grondgebied tot aan die Oranjerivier het nie net die San benadeel nie. Dit het ook die verskillende Koragroepe wat aan albei oevers van die Oranjerivier sowel as op die eilande in die rivier woonagtig was, beroof van die gebruiksreg van die Achterveld, wat hulle as noodsaaklik vir hul voortbestaan beskou het. Dit het hul seisoensmigrasies, op soek na weiding, ontwig en die jagvelde waarop hulle in swaar tye staatgemaak het, is deur die veeboere beset. Dit het grootliks bygedra tot die vernietiging van hul tradisionele leefwyse. Afgesny van hierdie weiveld en jagveld het hulle dit uiters moeilik gevind om by veranderende omstandighede aan te pas en 'n nuwe leefwyse te ontwikkel. Veel eerder het hulle oorgegaan tot veerowery.³⁷

Twee faktore het die Korabendes se strooptogte vergemaklik. Die eerste was die gebrek aan wet en orde in Boesmanland. Soos voorheen gemeld, het die owerheid na die anneksasie van die gebied niks gedoen om sy gesag daar te vestig nie en teen 1868 het die goewerneur erken dat die beheer van die Kaapse regering oor die gebied bloot teoreties was.³⁸ Die tweede was die gebrek aan stabiliteit in Boesmanland omdat dit vanweë die nadele van die pagstelsel dun bevolk gebly het en nie 'n permanente en gevestigde bevolking gehad het wat hulself kon verdedig nie. Toestande was dus ideaal vir die Kora om hul strooptogte uit te voer en ongemerk en ongestraf pad te gee.³⁹

Dientengevolge het strooptogte en wetteloosheid in Boesmanland gedurende die sestigerjare toegeneem. Bendes berede Kora het Boesmanland deurkruis en na willekeur geroof, terwyl bendes San op die veetroppe van die pagters in veral die gebied langs die Hartsrivier

toegeslaan het. Die bedreiging van lewe en eiendom het daartoe gelei dat al hoe meer inwoners Boesmanland verlaat en suidwaarts uitgewyk het. Teen die tweede helfte van 1868 was die San en Kora na bewering in beheer van die grootste gedeelte van die gebied benoorde die Kareeberg. Die kroongrond aan albei kante van die Hartbeestrivier was verlate. Trouens, dwarsdeur die hele Boesmanland het groot lappe weiding onbenut gelê omdat pagters nie meer bereid was om die weiding te huur nie.⁴⁰

Die situasie het aan anargie gegrens en die koloniale regering kon dit nie langer ignoreer nie. Gevolglik het die Kaapse Wetgewende Vergadering in 1868 twee wette aangeneem om die situasie te besweer. Hierdeur is 'n nuwe magistraatsdistrik met 'n rondreisende grensmagistraat in Boesmanland geskep en 'n nuwe berede polisiemag, wat die grensmagistraat moes bystaan, in die lewe geroep.⁴¹

In uitvoering hiervan was magistraat M.J. Jackson en sy polisiemag teen Desember 1868 op Kenhardt, waar hulle Anthing se ou stasie as hul hoofkwartier ingerig het.⁴² Uit hierdie kern sou 'n nuwe dorp in die hartjie van Boesmanland ontwikkel. Nog die eerste jaar het F. Loxton die eerste winkel daar begin.⁴³ Gedurende die eerste helfte van 1869 het die grenspolisie in verskeie skermutselinge met die Kora betrokke geraak, maar dit was gou duidelik dat die mag veels te swak was om 'n gebied so omvangryk soos Boesmanland doeltreffend te beskerm. Dit was eers nadat versterkings in die vorm van twee afdelings van die Frontier Armed and Mounted Police Boesmanland bereik het dat die Korabendes uit hul skuilplekke op die eilande in die Oranje verdryf en die oorlog beëindig is.⁴⁴

POGINGS OM BOESMANLAND TE STABILISEER

Na afloop van die oorlog het die regering verskeie maatreëls in werking gestel om Boesmanland te beveilig

³⁰ T. Strauss, *War along the Orange: the Korana and Northern Borders Wars 1868-9 and 1878-9* (Kaapstad, 1979), p. 25; W.B. Campbell, *The South African frontier, 1865-1885: A study in expansion* (Elsiesrivier, 1960), p. 41.

³¹ *The Cape Argus*, 29.8.1868.

³² 1/SBK, 5/2/1: L. Anthing — Attorney-General, 13.9.1861, pp. 414-420; CO4414, no. 2: L. Anthing — Colonial Secretary, 3.1.1862; Acting Colonial Secretary — Civil Commissioner, Namaqualand, 10.1.1862.

³³ CO4414: L. Anthing — Colonial Secretary, 1.4.1862, 8.5.1862, 10.8.1862, 24.10.1862, 17.2.1863, 21.4.1863 en 29.5.1863.

³⁴ *Ibid.*: L. Anthing — Colonial Secretary, 21.4.1863.

³⁵ Van der Merwe, *Die noordwaartse beweging ...*, pp. 144-146, 154-157 en 174.

³⁶ R. Ross, 'The !Kora Wars on the Orange River, 1830-1880', *Journal of African History* 16(4), 1975, p. 566.

³⁷ HA78, no. 251: F.L. Buyskes — Attorney-General, 29.12.1866; 1/HTN 4/1/1/1, no. 8: Resident Magistrate — Colonial Secretary, 11.3.1859; NBC12: K.J. Jackson — Colonial Secretary, 10.3.1878.

³⁸ GH29/30, no. 92: P.E. Wodehouse — Buckingham and Chandos, 8.10.1868, pp. 311-313.

³⁹ CPP A.40-1868 *Memorial from Divisional Council of Calvinia to His Excellency the Governor, dated 8th July, 1868, on subject of depredations committed by Korannas*, p. 1.

⁴⁰ HA80, no. 104, enclosure D: A.J. Erasmus — Resident Magistrate, Victoria West, 19.10.1868; CPP A.54-1868: G.P. Steyn — J. Calder, 3.8.1868, pp. 2-4; A.611, vol. 2: T. Blake — R. Southey, 13.9.1868; *The Cape Argus*, 29.9.1868.

⁴¹ CCP6/2/1/11: *Acts of Parliament*, nos. 27 en 29, 1868.

⁴² 1/NBM5, nos. 7, 11 en 13: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 1.12.1868, p. 7, 12.12.1868, pp. 13-14 en 5.1.1869, pp. 18-20.

⁴³ E.P. Kleynhans, *Volhard en oorwin. Kenhardt 1889-1989* (Kenhardt, 1989), p. 3.

⁴⁴ Kyk Broodryk, 'Kaapse Noordgrensoorloë', hoofstuk 4.

en te stabiliseer. Een was die vestiging van 'n permanente bevolking aan die noordgrens. Aanvanklik wou die koloniale regering 'n neutrale strook besuide die Oranjerivier skep om so die Kora en die veeboere te skei.⁴⁵ Met verbasende insig het Jackson reeds kort na sy aankoms in die gebied besef dat die enigste permanente oplossing vir Boesmanland se probleme in die permanente bevolking van die gebied geleë was. Gevolglik het hy voorgestel dat 'n gordel plase besuide die Oranjerivier teen 'n lae koopsom aan setlaars beskikbaar gestel word.⁴⁶ In omvangryke korrespondensie tussen Jackson en die koloniale sekretaris is die besonderhede van die vestigingskema uitgepluis en verfyn. Dit het daarop neergekom dat 'n strook grondgebied van 120 km wyd besuide die Oranjerivier en aan albei oewers van die noordelike deel van die Hartbeestrivier in plase verdeel sou word. Hierdie ongeveer 200 plase van rofweg 17 000 ha sou aanliggend aan die twee riviere afgebaken word tussen Prieska in die ooste en Pella in die weste. Die plase kon deur goedgekeurde persone aangekoop of gehuur word onder bepaalde voorwaardes. Die belangrikste was dat die plase permanent bewoon moes word, dat bewoners 'n permanente konstruksie moes oprig en bereid moes wees om militêre diens te doen.⁴⁷

Op 17 November 1870 is die voorwaardes vir die uitgee van die plase gepubliseer. Aansoeke is tot die einde van Februarie 1871 ingewag.⁴⁸ Intussen is geen grond in die onderhawige gebied verpag nie.⁴⁹ Tot Jackson en die owerheid se groot teleurstelling is slegs 43 aansoeke vir plase ontvang en baie van hierdie aansoeke was vir plase wat oor permanente water beskik het of ander voordele gehad het. Voorwaardes soos die verpligte permanente bewoning van die grond het voornemende aansoekers afgeskrik terwyl die Basters, op wie Jackson vir die sukses van sy skema staatgemaak het, onrustig was en talle op die punt gestaan het om na Groot-Namakwaland te emigreer. Gevolglik het net blankes wat reeds in Boesmanland woonagtig was vir die plase aansoek gedoen.⁵⁰

Om die skema te red, is die voorwaardes vir die toekening van plase vergemaklik.⁵¹ Dit het min gehelp om die aansoekers te vermeerder. Teen 1872 was dit duidelik dat hierdie skema misluk het en die regering het dit laat vaar.⁵² Miskien was hierdie skema, wat teoreties goed gelyk het, van meet af aan onrealisties. Dalk was 'n digte permanente bevolking in Boesmanland vanweë die periodieke droogtes net nie moontlik nie. Bowendien was plase elders destyds onder die huurpagstelsel nog te maklik bekombaar.

Met die skema van die baan moes maar weer teruggeval word op die verpagting van kroongrond. Sowel Jackson as sy opvolger, D.B. Hook, het telkemale die nadele van hierdie stelsel vir Boesmanland onder die regering se aandag gebring. Dit het 'n nomadiese leefwyse aangemoedig en die vestiging van 'n permanente bevolking teengewerk. Verbeteringe kon nie met veiligheid op grond wat gehuur is aangebring word nie. Veeboere met weilensensies het dikwels onwettig op pagplase geplak en die water en weiding vermors en vernietig.⁵³

Intussen was daar van die kant van die inwoners van Boesmanland ernstige pleidooie vir 'n stelsel waarvolgens meer grond permanent bekom kon word. Veral die Basters het baie sterk hieroor gevoel en talle het beoog om na Groot-Namakwaland te emigreer as die grondkwestie nie bevredigend opgelos word nie.⁵⁴ Na omvattende onderhandelinge is die owerheid oortuig en in die middel van 1871 het die koloniale sekretaris Jackson in kennis gestel dat hy die landmeter-generaal opdrag gegee het om 'n landmeter na die gebied te stuur om kroongrond in plase op te meet.⁵⁵

Meer as 'n jaar later was die opdrag nog nie uitgevoer nie, want intussen het die siviele kommissaris en afdelingsraad van Calvinia beswaar gemaak teen die opmeet van grond in Boesmanland omdat dit as trekveld vir die Hantamboere moes dien. Jackson het heftig gereageer. Hy het weer eens die nadele van die bestaande stelsel uitgewys en die regering se aandag daarop gevestig dat die ongewenste stelsel boonop 'n groot potensiele bron van inkomste van die regering weerhou.⁵⁶ Jackson het sy sin gekry, maar verdere verdragings het voorgekom en teen 1875 het Hook opgemerk dat geen opmetingswerk plaasgevind het sedert hy in Junie 1873 daar aangekom het nie.⁵⁷ Intussen het al hoe meer boere Boesmanland binnegetrek en gretig gewag vir die opmeet van plase. Byna 'n jaar later het Hook vir die soveelste keer versoek dat kroongrond in plase opgemeet word.⁵⁸ Dit was egter eers gedurende die loop van 1876 dat hierdie aangeleentheid, wat toe al langer as ses jaar gesloer het, die nodige aandag gekry het toe vier landmeters begin het om kroongrond in plase van 17 000 ha elk op te meet.⁵⁹

As tweede stap om Boesmanland te beveilig en te bevolk, het Jackson en Hook hulle beywer om dorpe in die gebied aan te lê. Die twee sendingstasies van die Rynse Sendinggenootskap by Pella en De Tuin is tydens die oorlog ontruim, maar in 1873 het die Rooms-Katolieke Kerk die sendingstasie op Pella heropen en mettertyd het dit gefloreer.⁶⁰ Op twee plekke was daar al die nukleus van 'n dorp, te wete by Kenhardt langs die Hartbeestrivier en by Prieska, oos van Boesmanland aan die suidelike oewer van die Oranjerivier.

Om 'n herhaling te voorkom van die gebeure wat tot die oorlog gelei het, was Jackson veral gretig dat 'n dorp in die omgewing van die eilande wes van Olieven-

⁴⁵ C05027, no. 1063: R. Southey — Special Magistrate, 26.10.1869, pp. 358-361.

⁴⁶ 1/NBM5, nos. 13 en 50: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 11.1.1869, pp. 23-26 en 1.12.1869, pp. 158-163.

⁴⁷ A.611, vol. 58: R. Southey — M.J. Jackson, 27.10.1869, pp. 309-311; vol. 59: Southey — Jackson, 23.12.1869, pp. 33-36; vol. 38: Jackson — Southey, 31.1.1870 en 17.2.1870; C05207, no. 1063: Southey — Special Magistrate, 26.10.1870, pp. 358-361; C05208, no. 902: C. Mills — Special Magistrate, 3.10.1870, pp. 236-237; 1/NBM5, nos. 50, 58, 72 en 87: Jackson — Colonial Secretary, 1.12.1869, pp. 158-163, 17.2.1870, pp. 193-194, 28.6.1870, pp. 238-241 en 25.10.1870, pp. 285-288.

⁴⁸ *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 22.11.1870.

⁴⁹ 1/NBM5, nos. 68 en 75: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 4.5.1870, pp. 67-68 en 8.9.1870, p. 257.

⁵⁰ *Ibid.*, no. 14: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 31.5.1871, pp. 353-354; A.611, vol. 44: Jackson — Southey, 27.4.1871.

⁵¹ *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 1.8.1871.

⁵² A.611, vol. 48: M.J. Jackson — Southey, 2.5.1872; 1/NBM6, no. 8: Jackson — Commissioner of Crown Lands, 13.2.1873, pp. 19-20.

⁵³ 1/NBM5, nos. 87 en 20: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 25.10.1870, pp. 285-288 en 9.10.1872, pp. 480-481; 1/NBM6, no. 45: D.B. Hook — Secretary for Native Affairs, 23.1.1875, pp. 223-228.

⁵⁴ A.611, vol. 38: M.J. Jackson — Southey, 31.1.1870.

⁵⁵ C05209, no. 840: C. Mills — Special Magistrate, 31.7.1871, pp. 95-96.

⁵⁶ 1/NBM5, nos. 20 en 26: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 9.10.1872, pp. 480-481 en 27.11.1872, pp. 509-510.

⁵⁷ 1/NBM6, no. 45: D.B. Hook — Secretary for Native Affairs, 23.1.1875, pp. 224-225.

⁵⁸ CPP G.16-1876: D.B. Hook — Secretary for Native Affairs, 27.12.1875, p. 92.

⁵⁹ CPP G.12-1877: D.B. Hook — Secretary for Native Affairs, 1.1.1877, p. 146.

⁶⁰ J. du Plessis, *A history of christian missions in South Africa* (New York, 1911), p. 371.

houdtsdrift (tans Upington) aangelê word. 'n Dorp met 'n kerk sou baie help om die veeboere se nomadiese leefwyse teen te werk en die gebied teen stropers te beveilig.⁶¹

Weer eens het die owerheid water getrap. Eers in Junie 1872 het Jackson in opdrag van die koloniale sekretaris die suidelike oewers van die Oranje deurreis om 'n geskikte plek vir 'n dorp te vind. Hy het Prieska as ongeskik beskou, aangesien dit te ver oos geleë was. Hy het vier moontlikhede gevind: Stofkraal naby Boegoeberg (die huidige Groblershoop); Wegdraai, sowat 25 km noordwes van die huidige Groblershoop, waar die rivier noordwaarts swenk; Indraai, naby Wegdraai; en Bethesda, regoor die huidige Kanoneiland. Wegdraai was vir hom die geskikste, veral vanweë die sentrale ligging daarvan. Die grond was vrugbaar en water vir besproeiing sou teen geringe koste uit die rivier gehaal kon word. Daarom het hy aanbeveel dat 'n landmeter onverwyld gestuur word om erwe op te meet vir verkoping en dat die owerheid 'n bydrae maak tot die bestryding van die koste van die besproeiingskema. Die te stigte dorp kon Southey, na die koloniale sekretaris, genoem word.⁶²

Die regering het die saak veel omsigtiger benader. Laat in Julie 1872 het landmeter E. Dunn twee maande lank die gebied deurkruis vir 'n ondersoek ter plaatse.⁶³ Dit is opgevolg deur die besoek van landmeter G. Alston vroeg die volgende jaar met die opdrag om die geskikste plek vir die aanlê van 'n dorp te bepaal en voorlopige reëlins vir die stigting daarvan te tref.⁶⁴ Alston het nie Jackson se geesdrif vir Wegdraai as die geskikste plek gedeel nie. Dit sou te moeilik en duur wees om water vir besproeiing uit die rivier te haal. Dit sou veel makliker wees om water by Stofkraal uit die rivier te haal, maar daar was veel minder beboubare grond beskikbaar. Klaarblyklik het hy Jackson oortuig van die lewensvatbaarheid van 'n dorp aldaar, want hy het dit met groot geesdrif by die regering aanbeveel.⁶⁵ Die regering was egter nie oortuig van die meriete van die saak nie en met Jackson se vertrek gedurende 1873 het hierdie aangeleentheid doodgeloop.

Jackson se opvolger (Hook) het voorkeur aan Prieska, oos van Boesmanland, as 'n groeipunt gegee omdat dit aan die Oranje geleë was en daar bowendien waterryke fonteine was. In 1873 het landmeter M.P. Auret 'n aantal erwe daar opgemeet.⁶⁶ In 1875 het Hook die aanlê van 'n dorp daar sterk aanbeveel.⁶⁷ Die owerheid het egter voorkeur aan Kenhardt gegee, hoewel dit teen die vroeë sewentigerjare nog net uit enkele verwaarloosde geboue bestaan het. In 1876 is die kroongrond daar in erwe verdeel en 'n stuk grond aan die kerkraad van Carnarvon afgestaan vir die oprigting van 'n kerk en skool.⁶⁸ 'n Jaar later was die dorp Prieska ook 'n voldonge feit. Gedurende Januarie 1877 is die erwe opgeveil. Die verkoping was 'n groot sukses: al 44 watererwe is verkoop en van die 90 droë erwe is 62 van die hand gesit. Die opbrengs van die verkoping was nagenoeg £2 000.⁶⁹ Die nuwe dorpie het vinnig gegroei en nog dieselfde jaar is benewens private wonings vier winkels opgerig wat 'n lewendige handel met veral die inwoners van Griekwaland-Wes gedryf het.⁷⁰

Intussen is daar gedurende 1876 verdere vooruitgang gemaak toe twee nuwe dorpe in Boesmanland opgemeet is. Albei se persele is vroeg in 1877 verkoop. Die eerste was Brandvlei in die suide van die streek, sowat 150 km benoorde Calvinia op die hoofroete na Kenhardt. Soos Prieska het dit beloop om in 'n groeiende dorp te ontwikkel.⁷¹ Die tweede was Katkop, aangelê op die plaas

Katkopskolk, ongeveer 60 km noordwes van Brandvlei. Dit was veel minder suksesvol, omdat een persoon al die erwe opgekoop het en dit by sy plaas ingelyf het.⁷²

DIE TWEDE NOORDGRENSOORLOG, 1878-1879

Gedurende die sewentigerjare het Boesmanland dus beslis ontwikkel in die sin dat die bevolking toegeneem en enkele dorpies in en om die streek tot stand gekom het. Tog was die beleid om die gebied digter te bevolk nie 'n ongekwalifiseerde sukses nie en het dit maar dun bevolk geblly.

Teen die laat-sewentigerjare het die situasie in Boesmanland weer op 'n krisis afgestuur. Swak regeringsbeheer oor die gebied, die gebrek aan lewensruimte vir die inboorlinge in Boesmanland en die Kora se ontevredenheid oor hul lewensomstandighede, gesien teen die agtergrond van landswye onrus onder die inboorlinge in daardie stadium, het gelei tot die uitbreek van die Tweede Noordgrensoorlog in April 1878.⁷³ Die koloniale regering, wat voorkeur gegee het aan die beëindiging van die Negende Oosgrensoorlog,⁷⁴ het dit moeilik gevind om die opstandelinge te onderwerp en die oorlog was eers teen Augustus 1879 verby.

Die oorlog het die ontwikkeling van Boesmanland erg gestrem. Veral tydens die eerste fase van die oorlog kon die opstandelinge by tye na willekeur roof. Dit het lewe en eiendom in gevaar gestel en die inwoners van die gebied aangrensend aan die Oranjerivier gedwing om suidwaarts uit te wyk. By geleentheid is selfs vir die veiligheid van Kenhardt gevrees.⁷⁵ Sake- en boerderybedrywighede is 'n tyd lank ernstig ontwrig. Eiendom is vernietig en die opstandelinge het duisende stuks vee weggevoer, wat nooit weer teruggevind is nie. Volgens kompensasië-eise het 170 private persone vee en ander eiendom ter waarde van £23 000 verloor, waarvan die regering slegs £8 000 uitbetaal het.⁷⁶ Die verlies het veral boere ernstig geknou.

⁶¹ 1/NBM5, no. 50: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 1.12.1869, pp. 158-163; A.611, vol. 38: Jackson — R. Southey, 21.2.1870.

⁶² 1/NBM5, no. 7: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 25.6.1872, pp. 455-457; A.611, vol. 48: Jackson — Colonial Secretary, 2.5.1872 en 27.6.1872.

⁶³ 1/NBM5, no. 19: M.J. Jackson — Colonial Secretary, 9.10.1872, p. 479.

⁶⁴ C05210, no. 1065: C. Mills — Special Magistrate, 25.9.1872, p. 137; A.611, vol. 62: R. Southey — M.J. Jackson, 13.9.1872, p. 127.

⁶⁵ 1/NBM6, no. 9: Jackson — Colonial Secretary, 13.2.1873, pp. 21-23.

⁶⁶ Smit, *Prieska se gister*, pp. 9-10.

⁶⁷ CPP G.16-1876: D.B. Hook — Secretary for Native Affairs, 27.12.1875, p. 94.

⁶⁸ L.G. Green, *Karoo. The story of the Karoos of South Africa ...* (Kaapstad, 1955), p. 208.

⁶⁹ Smit, *Prieska se gister*, p. 11; *The Victoria West Messenger*, 20.1.1877.

⁷⁰ 1/NBM6, no. 87: R.A. Nesbitt — Colonial Secretary, 22.5.1877, pp. 453-455; CPP G.17-1878: W.W. Hare — Secretary for Native Affairs, 10.1.1878, p. 54-55.

⁷¹ CPP G.12-1877: D.B. Hook — Secretary for Native Affairs, 1.1.1877, p. 146; G.17-1878: W.W. Hare — Secretary for Native Affairs, 10.1.1878, p. 55.

⁷² *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 28.6.1878; CPP G.17-1878: W.W. Hare — Secretary for Native Affairs, 10.1.1878, p. 55.

⁷³ Vir meer besonderhede oor die oorsake en verloop van hierdie oorlog, kyk Broodryk, 'Kaapse Noordgrensoorloë', hoofstukke 7-9.

⁷⁴ *The Richmond Era*, 8.6.1878; *The Cape Times*, 8.8.1879.

⁷⁵ C03299, no. 9: R.A. Nesbitt — Colonial Secretary, 23.11.1878.

⁷⁶ CPP G.68-1880: W.P. de Villiers en J.H. Scott — H.B. Frere, 25.5.1880, pp. 6, 17, 59, 71, 80 en 83-84; *The Victoria West Messenger*, 12.7.1880.

DIE LAASTE TWEE DEKADES

Die Tweede Noordgrensoorlog het finaal 'n einde maak aan die jarelange konflik in Boesmanland. Die Kora en hul meelopers was beslissend verslaan en die geruïneerde boere met hul oorblywende klompies vee kon na die verlate gebied besuide die Oranjerivier terugtrek.⁷⁷ Volgens koerantberigte het heelwat ander boere ook belang gestel om na die gebied te trek, maar dit as voorvereiste gestel dat die grond eers in plase opgemeet word om plakkery te voorkom.⁷⁸

Soos aan die einde van die vorige oorlog was daar weer van die kant van die verantwoordelike amptenare ter plaatse pogings om 'n digte bevolking in die strook aan die suidelike oewer van die Oranjerivier te plaas.⁷⁹ Hoewel hiervan niks gekom het nie, het die probleem homself opgelos deur die relatief vinnige toename van die permanente inwoners van die gebied aangrensend aan die Oranjerivier. Met die Koragevaar verwyder, het die boere plase wat aan die rivier grens verkies vanweë die voordele wat toegang tot die water gebied het. Dit was veral veeboere uit Namakwaland in die weste, die Hantam, Bokkeveld en Carnarvon in die suide en Victoria-Wes in die ooste wat Boesmanland beset het.⁸⁰

Toe ds. W.P. de Villiers van Carnarvon in 1882 die gebied besoek, het hy gevind dat met die uitsondering van die strook op die suidelike oewer van die rivier, die strek nog baie yl bevolk was en hoofsaaklik as trekveld gebruik is. In Boesmanland wes van die Hartbeestrivier was toe nog net ses permanente plase.⁸¹ Van der Merwe wys daarop dat 'n muurhuis teen die vroeë tagtigerjare 'n seldsaamheid in Boesmanland was. Vanweë die inwoners se nomadiese leefwyse het hulle steeds in tente gewoon.⁸²

Twee verbandhoudende faktore het die digter bevolking en ontwikkeling van Boesmanland gedurende die laaste twee dekades van die eeu gestrem. Die eerste was die trekgewoonte. Veeboere uit die aangrensende gebiede het verkies om die gebied in die somer as trekveld te gebruik, terwyl inwoners van die gebied self in die gebied agter water en weiding rondgetrek het en selfs in die winter uit die gebied na Namakwaland en elders getrek het.⁸³ Hierdie nomadiese bestaan het die stabiliteit van Boesmanland benadeel.

Die tweede faktor wat verband hou met die eerste en selfs gedeeltelik die gevolg daarvan was, was dat onwetige plakkery en gepaardgaande euwels soos veerowery steeds voorgekom het. Anders as voor die twee Noordgrensoorloë was dit geïsoleerde gevalle.

Dit was egter genoeg om voornemende intrekkers af te skrik. Die besluit van die owerheid om die hoofkwartier van die magistraat en polisie in 1883 vanaf Kenhardt na Upington, noord van die rivier in Gordonia, te verskuif,⁸⁴ het ook nie gehelp om vertrouwe te vestig nie. Met slegs 80 konstabels, verdeel tussen Upington, Prieska en Kenhardt, moes die omvattende gebied beskerm word.⁸⁵ Hulle het verbasende sukses gehad en gedurende 1886 kon die polisiemag met bykans die helfte verminder word na slegs 44 man.⁸⁶ Dit het egter geen nadelige gevolge vir Boesmanland ingehou nie, want volgens alle getuienis het misdaad gedurende die laat-tagtigerjare afgeneem.⁸⁷

Die vermindering van misdaad kon nie net toegeskryf word aan die sukses van polisiepatrollies nie, maar ook aan die stabilisering van die gebied. Sedert 1880, namate kroongrond geleidelik opgemeet is, het die nomadiese leefwyse begin verdwyn en teen 1900 was die beste plase in Boesmanland al in private besit.⁸⁸ Saam

met die toename van die bevolking het owerheidsbeheer oor Boesmanland toegeneem. Al hoe meer amptenare soos vrederegters is aangestel.⁸⁹

In 1882 is Prieska as 'n afsonderlike distrik geproklameer,⁹⁰ gevolg deur die distrik Kenhardt in 1889, wat geïmpliseer het dat die hoofkwartier van die polisie ook daarheen teruggedraai het.⁹¹ In dieselfde jaar is 'n gemeente daar gestig.⁹² Inmiddels het die dorpe, sendingstasies en nedersettings in Boesmanland goed gevestig geraak. Die hoofdorp, Kenhardt, het toe reeds bestaan uit die regeringskantore, die tronk, 'n kerk, twee winkels en meer as 40 huise.⁹³

Tog moet in gedagte gehou word dat tot aan die einde van die negentiende eeu Boesmanland uiters dun bevolk gebly het.⁹⁴ Teen 1895 het die magistraat van Kenhardt gerapporteer dat daar in sy distrik alleen nog minstens 170 000 ha onopgemete kroongrond, hoofsaaklik op die Bult, was waarop heelwat veeboere geplak het. Volgens sy skatting het drie-kwart van die boere in sy distrik nog 'n nomadiese leefwyse gevoer. Hoewel amptenare van die distrikte Calvinia en Namakwaland sy siening gedeel het,⁹⁵ was dit waarskynlik oordrewe. Tog is dit waar dat die gebied nog wild en leeg was, want vroeg in die twintigste eeu het die boere van Boesmanland nog las van Sanrowerbendes gehad.⁹⁶

'n Groot toeloop van boere na Boesmanland het eers in 1910 plaasgevind. In daardie stadium was daar in die distrik Kenhardt nog 6 500 km onopgemete kroongrond. Teen 1938 was die grond alles uitgegee,⁹⁷ maar tot vandag toe is Boesmanland betreklik dun bevolk. □

⁷⁷ C.J. Strydom, 'Boesmans en Koranas. Hoe die Noordweste van hulle gesuiwer is', *Die Huisgenoot* 14(403), 20.12.1929, p. 51.

⁷⁸ *The Standard and Mail*, 12.4.1879 (Redaksioneel) en 15.4.1879 (The Northern Border); *The Victoria West Messenger*, 14.6.1879; *Colesberg Advertiser*, 26.4.1879.

⁷⁹ NA479, no. 310: J.H. Scott — Colonial Secretary, 6.10.1879; *The Cape Argus*, 5.7.1879.

⁸⁰ Van der Merwe, *Trek ...*, p. 225; J.G. Wolhuter, 'Slagoffers van Boesmanlis', *Die Huisgenoot* 20(708), 18.10.1935, p. 169.

⁸¹ W.P. de Villiers, 'Aan die Wel-Eerw. B.B. Leden der beide Zending-Commissiën, en ander belangstellenden, 6.10.1882', *De Christen* 3(41), 13.10.1882, pp. 479-481 en 'Nog een woord aan de leden der beide Zending-Commissiën in zake de Noordwestelike Grenzen, 21.12.1882', *De Christen* 4(1), 5.1.1883, pp. 5-6.

⁸² Van der Merwe, *Trek ...*, p. 259.

⁸³ *Ibid.*, hoofstukke 12-13.

⁸⁴ NBC16: J.H. Scott — Colonial Secretary, 8.5.1884, pp. 205-207.

⁸⁵ C01175: J.H. Scott — Colonial Secretary, 24.6.1883; NBC15: Scott — Colonial Secretary, 2.2.1884, pp. 921-928.

⁸⁶ NBP2, no. 5: G.B. Dyason — Under-Colonial Secretary, 17.1.1887, pp. 435-441.

⁸⁷ CPP G.60-1888, no. 1: P. Nightingale — Under-Colonial Secretary, 8.7.1887, pp. 3-5; no. 6: J.H. Scott — Under-Secretary for Native Affairs, 18.8.1887, pp. 12-13; C03627, no. 3: C.R. Haw — Under-Colonial Secretary, 21.1.1889; C03588, no. 47: Scott — Under-Colonial Secretary, 15.6.1888.

⁸⁸ Van der Merwe, *Trek ...*, p. 246.

⁸⁹ *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 16.9.1881.

⁹⁰ C05222, no. 1/2380: H. Willis — Special Magistrate, 23.11.1882, p. 331.

⁹¹ C03588, no. 92: C.R. Haw — Under-Colonial Secretary, 27.12.1888.

⁹² Kleynhans, *Volhard en oorwin*, pp. 5-6.

⁹³ CPP G.60-1888, no. 2: P. Nightingale — Under-Colonial Secretary, 5.7.1887, p. 8.

⁹⁴ *Ibid.*, no. 1: P. Nightingale — Under-Colonial Secretary, 8.7.1887, pp. 3-4; C03588, no. 34: Report by J.H. Scott, 4.5.1888.

⁹⁵ Van der Merwe, *Trek ...*, pp. 241-242.

⁹⁶ Strydom, 'Boesmans en Koranas', p. 51.

⁹⁷ Van der Merwe, *Trek ...*, p. 246.